

1 Augustus

Genesis 22:1-14

Lewenskrisisse - wat dra my daardeur?

Menslik onmoontlik. So lyk die opdrag wat Abraham hier van God ontvang (vers 2). Om sy seun te gaan offer, sy enigste seun, die seun wat hy liefhet, was seker vir Abraham sy grootste lewenskrisis. En tog is hy bereid om dié opdrag uit te voer. Wat het hom deur dié krisis gedra? Drie dinge. Sy geloof, sy gehoorsaamheid en sy offerbereidheid.

Kyk goed na die geloofstaal as Abraham met sy slawe praat. "Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe" (vers 5). Ons kom terug na julle toe. So glo Abraham, want Isak is die seun van die belofte. Uit hom moet daar nog 'n talryke nageslag gebore word (Gen. 17:19-21). Abraham glo: God belowe nie net nie. Hy voorsien ook (vgl. ook vers 8).

Maar Abraham gaan ook in gehoorsaamheid. "Hier is ek" (vers 1). Geen enkele woord van teëspraak of verbittering nie. Hy is bereid om self te doen wat die Here vra. Self kap hy die hout. Self saal hy die donkie op. In jou krisis kan 'n ander nie vir jou instaan nie. Jy moet self die pad loop wat God aanwys.

Wat Abraham verder deur sy krisis gedra het is sy offerbereidheid. Hy ondergaan nie 'n lot nie. Hy volbring 'n daad. Ek ervaar dikwels my krisisse as 'n slag wat my tref, 'n verlies wat ek ly. Moet ek dit nie veeleer ervaar as 'n offer wat ek bring nie?

Wat dra jou deur jou lewenskrisisse? Wat weerhou jou uiteindelik van lewens-verwoestende bitterheid, wanhoop en totale ineenstorting? Dieselfde drie dinge. Geloof wat jou met oortuiging laat sê: God sal voorsien. Gehoorsaamheid wat jouself die pad laat loop soos Hy dit aanwys. Offerbereidheid wat jy met oorgawe sy wil laat doen.

Sing: Psalm 66:6, 7

Dr. A.N. Helberg (Colesberg/Philipstown)